



Verwysing: 20200204-4000  
Lêerno.: 3/3/2/4/3  
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0010/2020

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Hoofde van opvoedkundige inrigtings

Kort opsomming: *Die doel van hierdie omsendbrief is om alle personeel in te lig oor die faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n mediese sertifikaat geldig verklaar word en die redes vir die versoek om bykomende mediese inligting.*

**Onderwerp: Geldige mediese sertifikaat**

1. Hierdie omsendbrief verduidelik die faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n mediese sertifikaat geldig verklaar word en die Wes-Kaap Onderwysdepartement se redes vir die versoek om bykomende mediese inligting.
2. Hierdie omsendbrief moet saam met die *Personeeladministrasiemaatreëls (PAM)*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 39684 van 12 Februarie 2016, die *Bepaling en Direktief oor Afwesigheidsverlof vir die Staatsdiens, 2018* en Omsendbrief 0057/2003, gedateer 06 Maart 2003, gelees word.
3. Mediese praktisyns en persone wat gesertifiseer is om pasiënte te diagnoseer en behandel en wat mediese sertifikate uitreik en onderteken vir die doeleindes van gewone siekteverlof, moet by die volgende professionele rade geregistreer wees:
  - a) Die Raad vir Gesondheidsprofessies van Suid-Afrika (RGPSA);
  - b) Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (*Allied Health Professions Council of South Africa*); of
  - c) Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad).
4. Die registrasiebesonderhede van mediese praktisyns kan by die bogenoemde rade bevestig word.
5. 'n Mediese sertifikaat moet die volgende inligting bevat:

- a) Die voorletter(s) en van, registrasie- of praktyknommer, adres en kwalifikasies van die mediese praktisyn wat die mediese sertifikaat uitgereik het.
  - b) Die naam van die pasiënt.
  - c) Die PERSAL-nommer van die pasiënt (indien van toepassing).
  - d) Die datum en tyd van ondersoek.
  - e) Of die mediese praktisyn die sertifikaat uitreik op grond van persoonlike waarnemings wat gedurende 'n ondersoek gemaak is of op grond van inligting wat van die pasiënt ontvang is en wat op aanvaarbare mediese gronde berus.
  - f) 'n Beskrywing van die aard en omvang van die siekte of besering in leketaal (indien die pasiënt oorwoë toestemming gegee het dat dit openbaar gemaak kan word).
  - g) Of die pasiënt heeltemal ongeskik vir diens is en of die pasiënt minder veeleisende take in die werksplek kan verrig.
  - h) Die presiese aanbevole siekteverloftydperk.
  - i) Die uitreikingsdatum.
6. Indien die mediese praktisyn voorafgedrukte mediese sertifikate gebruik, moet bewoording wat nie van toepassing op die pasiënt is nie, geskrap word.
  7. Die afgevaardigde owerheid is verplig om mediese sertifikate te aanvaar wat nie die aard en omvang van 'n werknemer se siekte beskryf nie vir siekteverlof wat gedurende die gewone siekteverlofsiklus geneem is. Die werkgewer mag egter mediese inligting wat die aard en omvang van die siekte beskryf, versoek voordat siekteverlof goedgekeur word.
  8. Vir die doeleindes van tydelike ongeskiktheidsverlof, aanvaar die werkgewer slegs mediese sertifikate wat uitgereik en onderteken is deur praktisyns wat by die RGPSA geregistreer is en wat wetlik gesertifiseer is om pasiënte te diagnoseer en behandel. Sodanige mediese sertifikate moet (indien die werknemer sy/haar oorwoë toestemming gegee het) die aard en omvang van die werknemer se siekte of besering insluit.
  9. Werknemers kan gerus wees dat die werkgewer, ooreenkomstig die grondwetlike regte op privaatheid en die *Gedragkode vir die Staatsdiens*, gepubliseer as Hoofstuk 2 in die *Staatsdiensregulasies, 2001*, ten alle tye enige inligting oor die mediese siekte van 'n werknemer met die nodige respek en vertroulikheid sal behandel. Sodanige inligting sal derhalwe nie openbaar gemaak word aan enige persoon(-one) wat nie gemagtig is om dit te ontvang nie. Indien 'n werknemer enige vertroulike inligting oor 'n ander werknemer aan enige ander ongemagtigde persoon openbaar maak, sal dit in 'n ernstige lig beskou word en dissiplinêre stappe sal teen die oortredende werknemer gedoen word.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle werknemers.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2020-02-28